

Dinsdag 20 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:14 - 7:1	Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 6:16
---	---

Wandel saam met God (Heiligmaking)

Heiligheid in die Ou Testament beskryf die allerdiepste aard van God. “Wees heilig, want Ek is heilig” (Lev. 11:44). Net so in die Nuwe Testament. Petrus noem Jesus die “Heilige van God” (Joh. 9:69). Jesus het Homself volkome aan God gewy in sy hele lewe. Daarom kan ons onself ook heilig of ons hele lewe wy of afsonder vir God met ons daaglikse optrede. Stry teen die bose! Gedurig!

Onthou die heilsorde is die weg wat God met sy Heilige Gees in ons werk. Deur sy groot genade het Hy ons geroep en lewendig gemaak (tot wedergeboorte gebring) deur die kragtige werking van sy Gees. Dit is ook die Heilige Gees wat kragtig in ons werk en ons tot geloof in Christus bring. Hierdie krag van God dwing en dring ons om ons lewe om te keer (te bekeer), daarom kan en wil ons in ons geloofslawe in die heiligmaking volhard. Die beloftes is vir ons.

2 Korintiërs 6:14 waarsku dat ons nie aan dieselfde juk as ongelowiges moet trek nie ... Daar kan geen eenstemmigheid tussen Lig en duisternis wees nie, tussen Christus en Belial. Onthou egter ons is die tempel van die lewende God, deur sy Gees woon hy in ons en deur Hom kan ons meer volhard in ons heiligmaking.

Ons is dus deur God in Christus geheilig, afgesonder vir Hom. Geroep, wedergebore deur die geskenk van geloof. Leef dit nou in die wêreld, u is geheilig, word dit nou deur heiligmakend te leef.

Die heiligmaking is die volharding van die nuwe mens in Jesus Christus. Daarom moet ek in my heiligwording gedurig stry teen die sonde en die afgode in my lewe. U is geheilig, LEEF DIT NOU, as verlostes wat wandel saam met God!

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2

Ds. MJ Lourens (Thys) (Vaalpark)